# SARS SKIK ARBEIDSDISPUUT EN STEL VOORMALIGE WERKNEMERS WEER AAN

**Tshwane, 22 November 2022** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) kondig met trots aan dat die arbeidsdispuut tussen hulle en twee voormalige werknemers, me. Hope Mashilo en me. Tshebeletso Seremane, met intreding 1 September 2022 afgehandel is en dat die werknemers heraangestel is. Dit is nog 'n mylpaal in die omkeer en herstel van die nadelige gevolge van die kaping van SARS en sy reis jeens die herstel van publieke vertroue.

SARS erken die skade wat me. Mashilo en me. Seremane gely het, toe die poste wat hul op daardie tydstip bekleë het, as gevolg van die berugte Bain en Co herstruktureringsproses, afgeskaal is, hul aangesê is om poste te aanvaar wat nie op die goedgekeurde nuwe struktuur was nie, en hul pleidooie vir inligting op dowe neute geval het. En toe hul geweier het om die poste op te neem, dit gelei het tot hul afdanking "as gevolg van operasionele vereistes" ingevolge artikel 189 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, nr. 66 van 1995, soos aangepas.

Kommissaris Kieswetter het gesê: "Dit is 'n ingewikkelde saak en behels die belange van twee voormalige werknemers wat negatief beïnvloed is deur die optrede van 'n SARS-leierskapvoorneme om SARS te kaap. In hierdie geval is nie net die voormalige werknemers negatief beïnvloed deur die eertydse kommissaris van SARS nie, maar SARS self het die slagoffer van kaping geword.

*As huidige kommissaris en hoof uitvoerende beampte van SARS, het ek 'n fidusiêre plig om die integriteit van die instansie te beskerm, die moreel en wetlike verpligting om die negatiewe effekte van die kaping van SARS om te keer. Dit bly noodsaaklik dat die proses wat ons volg integriteit het, herstellende geregtigheid toelaat, en ook SARS se reis jeens die herbou van publieke vertroue inisieer en volhou.*

*In hierdie bepaalde aangeleentheid, moes ek die belange van die geaffekteerde individue om hul terug te bring met menswaardigheid versigtig balanseer met die beskerming van die instansie en die volhouding van waarvoor dit staan as strategiese nasionale bate. Op hierdie fyn lyn het sommige kommentators my versigtigheid gelees as opkom vir mnr. Moyane, die eertydse kommissaris, en dus die uitwerking van SARS-kaping herinstel. Soos ek al voorheen gesê het, ek is aan niemand iets verskuldig nie. Ek verdedig die instansie en nie die individue wat dit gekaap het nie. Ek en SARS sal daarin volhard en sal die SARS-mandaat uitvoer sonder aansiens des persoons of vooroordeel.*

*Sommiges het ook met hierdie aangeleentheid aangevoer dat ek onsensitief is teenoor die benarde toestand van vroue en enkelmammas. Regdeur my beroepslewe, het ek 'n onwrikbare toewyding getoon om te bestuur met empatie en vooruitstrewe jeens gelykheid vir mans en vroue in die werkplek, wat betref gelyke behandeling, gelyke sosiale aansien en gelyke stemme. Die twee partye is geen uitsondering in hierdie verband nie."*

SARS en die partye erken die mag van SARS se hoër doelwit om die regering in staat te stel om 'n bekwame staat te bou, om ekonomiese groei te koester en maatskaplike ontwikkeling wat die welstand van alle Suid-Afrikaners dien. Dit is juis hierdie besef van hoër doelwit wat SARS en die partye verenig om te verbind tot die omkeer van die kaping van SARS. Hierdie solidariteit het SARS en die partye nader gebring in goeder trou besprekings om 'n meer onpartydige balans te vind tussen hulle belange en die belange van SARS.

Kommissaris Kieswetter het erken dat "*SARS se optrede op daardie tydstip 'n rampspoedige en noemenswaardige impak op die lewens van me. Mashilo en me. Seremane en hul families gehad het. SARS is jammer oor die seer, die pyn en die lyding wat dit vir hulle en hul families gebring het. Ek hoop opreg dat met die afhandeling van hierdie proses, die geaffekteerde individue en hul families 'n sin van afsluiting kan ervaar en kan aanbeweeg met hul eie reis jeen herstel.*

*Ek bedank die partye vir hul toewyding aan SARS en dit waarvoor SARS staan. Namens SARS, verwelkom ek me. Mashilo en me. Seremane terug as werknemers van SARS, sodra hul beskikbaar is om hul pligte weer op te neem en om aktief deel te neem in die herbou van 'n slim, moderne SARS met onbetwisbare integriteit wat vertroud en bewonder is."*